Nederduitse Gereformeerde Kerk
EEN LIGGAAM EN EEN GEES

ADVIES VAN DIE ALGEMENE SINODE MODERAMEN (ASM) RAKENDE UITTREDE UIT OF 'n "OPSKORTING" VAN DIE KERKVERBAND

Die Moderamen van die Algemene Sinode (ASM) het deur die Algemene Taakspan Regte (ATR) regsadvies ingewin oor die kerkordelike posisie vn gemeentes wat uit die kerkverband wil tree en/of besluite geneem het oor die "opskorting van kerkverband" met ander gemeentes van die NG Kerk, ringe, sinodes en die Algemene Sinode. Hierdie advies is verkry van senior regslui wat die vraagstuk vanuit 'n gemeenregtelike- sowel as kerkregtelike perspektief beoordeel het.

1. Die advies is bedoel om sinodes, ringe, kerkrade en lidmate te help om die volgende vrae te kan beantwoord:

1.1 Het 'n gemeente die bevoegdheid om die verband met die kerk "op te skort"?

1.2 Het 'n gemeente die bevoegdheid om uit algemeen sinodale verband te tree?

1.3 Op watter wyse sou 'n gemeente uit die kerkverband kon tree?

1.4 Wat sou die gevolge wees vir 'n gemeente wat uit die kerkverband tree?

2. Die ASM bevestig die volgende, op advies van die ATR:

2.1 Die "Akte van Opskorting" wat van sommige gemeentes ontvang is, het geen regskrag nie en kan beskou word as 'n handeling wat volgens ons Kerkorde onwettig en misleidend is.

2.2 'n Gemeente wat sou volhard met die narratief dat hulle die kerkverband "opskort", doen dit met die wete dat hul steeds verantwoordelik gehou kan word vir al die verpligtinge wat hulle teenoor die kerkverband het en steeds gebind is aan die Kerkorde en kerklike besluite.

2.3 'n Groep wat volhard met die narratief dat hul die kerkverband "opskort" en hulself terselfdertyd beskou as 'n onafhanklike gemeente, doen dit met die wete dat hulle hulself daarmee buite die NG Kerk-verband plaas en dus die verband verlaat en nie meer die naam "NG Kerk" kan gebruik nie. Dit beteken gevolglik ook die verlies van die voorregte wat lidmaatskap, bevoegdheid, eiendom en fondse van die NG Kerk inhou.

3. Besluit:

Die ASM

3.1 Versoek sinodes om die volledige advies van die ATR aan die ASM te gebruik om ringe, kerkrade en lidmate volledig in te lig oor die kerkregtelike- en gemeenregtelike posisie van gemeentes en lidmate wat uit die kerkverband wil tree of die verband "op wil skort".

3.2 Versoek sinodes om ringe, kerkrade en lidmate deur middel van hul eie sinodale kommunikasiekanale in te lig dat die “opskorting van die kerkverband” ‘n wanvoorstelling is, dat dit geen regskrag het nie en dat gemeentes daarom steeds hul verantwoordelikhede ten opsigte van die kerkverband moet nakom.

3.3 Versoek sinodes, ringe en kerkrade om lidmate te verwittig dat die “opskorting van die kerkverband” ongeldig is en nié hulle lidmaatskap van ‘n gemeente van die NG Kerk in gedrang bring nie.

3.4 Versoek sinodes om ringe aan te moedig en te ondersteun om die kerklike orde te herstel in gemeentes waar hierdie “opskorting” van die kerkverband deur ‘n kerkraad onregmatig geskied het.